Die Koringaar

NG Kerk Koringberg

11 Oktober 2020

Teks: 1 Timoteus 2:1-13

Om Christus te dien vra groot opofferings

Ons het die afgelope week verskeie optogte in ons land gesien. Veldtogte en petisies is geloods. Eise is gestel, daadwerklike optrede is vereis. Dit is alles maniere waarop mens die regering tot verantwoording probeer roep vir hulle onbekwaamheid, korrupsie en nalatigheid.

Ons teks vanoggend praat ook van ’n optog en ’n petisie. Dit is Christus wat Sy kerk tot verantwoording roep oor wat dit verg om te dien in Sy regering. En soos met alle optogte en petisies is hier ’n lys met eise. Christus vereis drie dinge van hulle wat wil dien in Sy koninkryk: Hy vereis krag deur Christus; ywer om hard te werk en die doel van verlossing voor oë. Dit is Christus se eise aan Sy kerk om ons tot verantwoording te roep. En dan sluit Hy sy petisie af met ’n betroubare stelling in vers 11-13. Met ’n stempel van sekerheid. Om te sê jy kan hierop staatmaak. Jy kan hierop reken:

> Dit is ’n betroubare woord;
> As ons met *Hom* gesterf het, sal ons ook met *Hom* lewe.
> As ons verdra, sal ons met *Hom* regeer.
> As ons *Hom* verloën, sal Hy ons ook verloën.
> As ons ontrou is, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie.

Iemand wat in Christus se regering wil dien is iemand wat bereid is om groot opofferings te maak. Min is bereid om ongesiens en onbekend, heg en deeglik, die fondamente te lê vir ’n oes waarvan hulle nie die voltooiing sal aanskou nie. Mag God ons hier in Koringberg hierdie insig en ywer gee.

VOORBIDDING EN VERJAARSDAE

Ons dink in ons gebede aan almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk ná operasies of behandeling. Ook aan Alwyn en Angenita Hanekom en familie met die afsterwe van Alwyn se suster.

Voorbidding word ook gevra vir die bevestiging van die kerkraad vanoggend, Ringsitting vanmiddag, Oesdiens Woensdag en Nagmaal volgende Sondag.

Basaar: Ons wil elkeen dan wat bygedrae het om van ons 'basaar maand' 'n groot sukses te maak. Ons insameling staan tans op R144 183.96 met nog 'n paar betalings en beloftes uitstaande. Maak gerus 'n laaste bydrae.

Seën vir elke nuwe ouderling / diaken wat vanoggend bevestig word: Barend Brand, Flip Botes, Kobus Dippenaar, Marnus Engelbrecht, Ryno Olivier en Andre Kritzinger.

Verjaarsdae: 13/10 – Heinz Warnich; 14/10 – Emke Truter; 16/10 – Christoff Aucamp en Frikkie Theronl 17/10 – Andri Kotze

GEMEENTEBEDIENING

Kategese: Gaan weer uit vanoggend net na die kindermoment.

Jongwerkendes Bybelstudie: Woensdag die 14de Okt. om 18:30

Biduur: het nog nie weer hervat nie

WhatsApp: Om deel van die gemeente se WhatsApp groep te wees kontak asseblief die kerkkantoor

Teebeurte: Almal wat bereid is om tee te maak en te bedien na die diens kan asb. vir Karin Theron kontak (082 578 2294).

Gasvryheid: As jy bereid is om die Koringaar nuusbrief by die deure uit te deel voor die diens, kontak asb. vir ds. Nel .

BARMHARTIGHEID

Sopkombuis: 2 dae per week vir voorskoolse kinders in gemeenskap. Skenkings is altyd welkom, kontak vir Hester Truter (082 436 8987) vir navrae.

Kosbank: Kospakkies vir behoeftiges in ons gemeenskap. Kontak vir Andrea Truter vir enige navrae (082 328 1089) hieroor.

Klerebank: Skenkings vir klere, skoene en komberse om onder behoeftiges te versprei is welkom. Kontak vir Bregda Mostert (083 597 0091)

Dagsorg : Ons vroeë kinderontwikkeling projek by die POP sentrum. Kontak vir Peter Fourie vir navrae (082 862 8686).

ACVV: Die senior burger koringklub fokus op weeklikse programme vir senior burgers in ons gemeenskap. Kontak asb. vir Lize Steyn (082 263 9434) vir navrae.

Nal'ibali: Ons gemeenskap leesprojek vir kinders. Kontak vir Lize-Maré le Roux (061 109 9336) vir navrae.

TAFELGESPREK

Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met ’n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).

(a) Hand 11:26. (b) 1 Kor 6:15. (c) 1 Joh 2:27; Hand 2:17. (d) Matt 10:32; Rom 10:10. (e) Rom I2:1; 1 Pet. 2:5, 9; Op 1:6; 5:8, 10. (f) 1 Pet 2:11; Rom 6:12, 13;. Gal 5:16, 17; Ef 6:11; 1 Tim 1:18, 19. (g) 2 Tim 2:12; Matt 25:34.

NG Kerk Koringberg

FNB Rek. no. 621 390 582 27

Leraar: Ds. Jaco Nel: Pastorie: 065 576 2986; Epos: nelpetrusjacobus@gmail.com.

Skriba: Lize Steyn: Kerkkantoor oop Woensdae 13:00 – 17:00
Sel: 082 263 9434; Epos: ngkkoringberg@gmail.com

Koster: Gert de Waal: 078 375 9549

Kerkraad: ***Dorp***: ouderling Alex le Roux (084 582 8683) & diaken Emden Vosser (083 655 2414). ***Hooggeleë*** : ouderling Sakkie du Toit (082 208 9122) & diaken Phillip Mostert (073 995 5465). ***Bergrivier***: ouderling Johan Mostert (082 824 8104) & diaken Louis Carstens (074 525 5670). ***Klipvlei****:* ouderling – Christoff Truter (083 346 4912) & diaken Heino Smit (082 774 5919). ***Vroue:*** Adèle du Toit (083 954 9524).

Kommissie voorsitters:
Finansies: Johan Mostert (082 824 8104)
Eiendomme: Christoff Truter (083 346 4912)
Barmhartigheid: Nikki Loxton (074 252 2245)
Vrouediens: Adèle du Toit (083 954 9524)
Jeug: Trudie Vosser (083 354 5758)
Plaas: Arnold Brand (083 285 7812)

Facebook: www.facebook.com/Koringberg-NG-Kerk
YouTube:https://www.youtube.com/channel/UCjaQ6UcJD5cXacPelwytykw/ (Koringberg NG Kerk)
Webtuiste: koringberg.ng.org.za